

BRITSE BEWIND HET 'SWART VERSET GEBREEK'

DIE tuislandbeleid wat dr. Hendrik Verwoerd in 1959 aangekondig het, het nie na wense geslaag nie. Tog was dit 'n uiters belangrike poging om van die „interne etniese neo-kolonialisme” weg te kom deur aan die swart state onafhanklikheid te gee, skryf prof. Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch in sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie*.

Hy sê dat dit, merkwaardig genoeg, nie soseer die Afrikaner-optrede nie, maar veral die Britse optrede in Suid-Afrika was wat die verset en weerstand van die swartes gebreek en hulle aan etniese neo-kolonialisme onderwerp het. Die stelsel van Rassediskriminasie, trek-arbeid en die kampong-stelsel het hul beslag tydens die Britse bewind gekry en is deur die Engelssprekende establishment in wetgewing vasgelê.

Ná die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 is die stelsel van etniese neo-kolonialisme teenoor die swart volke verder geformaliseer en is 'n reeks van diskriminerende wette ook op die Kleurlinge en die Indiërs van toepassing gemaak.

Prof. Terreblanche meen dat die beleid van dr. Verwoerd om selfbeskikking aan swart volke te gee, slegs in baie beperkte sin geslaag het. Ten opsigte van die stedelike swartman, die Kleurlinge en die Indiërs sal 'n ander formule gevind moet word. 'n Nuwe politieke bedeling is nodig.

Die Verwoerd-formule kon nie volledig slaag nie. Die redes is voor-die-hand-liggend, sê prof. Terreblanche. Hy skryf:

Die ekonomiese interafhanklikheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe was reeds te groot toe die beleid 'n aanvang geneem het, die geografiese verspreidheid van die bevolking het intussen 'n te groot „vervloeiing” van die verskillende bevolkingsgroepe se woonareas tot gevolg gehad, en die middelpuntsoekende aantrekkingskrag wat die myne en die industriële stede op swart arbeid uitoefen, is eenvoudig te

sterk om so 'n poging tot „dekolonisasie” volledig te laat slaag.

Die belangrike hoeksteen van die Verwoerd-formule, nl. dat die stedelike swartmense hul politieke regte via die parlements van hul verafgeleë swart state moet uitoefen, het eintlik van meet af nie lewensvatbaarheid gehad nie, veral as 'n mens in verrekening bring dat die lewensgesteldheid en behoeftes van permanent verstedelike mense so ingrypend anders is as dié van die inwoners van die swart state, wat nog hoofsaaklik landelik georiënteer is.

Boonop het die Kleurlinge en Indiërs van meet af nie 'n „tuisland” gehad nie en het die Verwoerd-formule geen oplossing vir hul posisie gebied nie. Noudat die regering die permanensie van die stedelike swartmense erken het en 99 jaar-huurpag aan hulle toegeken het, is daar in die praktyk weinig verskil tussen hul posisie en dié van die Kleurlinge en die Indiërs.

Terwyl die Regering op onoorkombare hindernisse stuit in die pogings om die Verwoerd-formule volledig deur te voer, sal 'n ander formule gevind moet word om ten minste aan die morele beginsel — nl. dat een bevolkingsgroep nie permanent deur 'n ander oorheers mag word nie — konkrete gestalte te gee vir daardie swartmense wat permanent buite die swart state woonagtig is. Dit kan bv. gedoen word deur beperkte parlementêre verteenwoordiging aan die Kleurlinge, Indiërs en die stedelike swartmense te gee.

Indien die een of ander vorm van effektiewe politieke regte (in die sentrale parlement of enige ander liggaam) aan daardie deel van die anderskleurige bevolkingsgroepe verleen sou word wat permanent buite die selfregerende en onafhanklike swart state woonagtig is, sal dit in stryd wees met die beleidstandpunt van die Re-

gering dat hy nie bereid is om die blankes se mag en selfbeskikkingsreg met ander bevolkingsgroepe te deel nie. Indien ons aanvaar dat die Verwoerd-formule nie 'n oplossing bied vir die anderskleuriges wat permanent buite die swart state woon en permanent hul lewensonderhoud buite die swart state verdien nie, het 'n skaakmat-posisie ontstaan tussen die aanvaarde morele beginsel dat een bevolkingsgroep nie permanent deur 'n ander oorheers mag word nie en die Regering se beleidstandpunt van „nie-magsdeling”.

Indien die Regering sy beleidstandpunt om-

PROF. SAMPIE TERREBLANCHE se siening van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika, waarin hy pleit dat die Nasionale Party die beginsel van magsdeling moet aanvaar, word vervat in vandag se uittreksel uit sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie*.

Die tweede uittreksel, wat môre verskyn, handel oor sy stelling dat die establishments van die Afrikaners sowel as die Engelssprekendes anachronisties is en dat nuwe denk- en waarde-oriëntasies vir albei nodig is.

Die boek, uitgegee deur Human en Rousseau-Academica, verskyn aanstaande week.

trent „nie-magsdeling” sou prysgee en bv. parlementêre verteenwoordiging aan anderskleuriges wat permanent buite die swart state woonagtig is, toeken, ontstaan die praktiese probleme dat indien hierdie verteenwoordiging te groot is — d.w.s. indien dit 'n te snelle proses van politieke demokratisering verteenwoordig — dit tot vorme van ekonomiese demokratisering kan lei wat die vermoë van die moderne sektor totaal kan oorspan en die handhawing van beskaafde standaarde ernstig in gevaar kan stel.

Die konstitusionele probleme van Suid-Afrika kan waarskynlik gereduseer word tot die vind van 'n metode (of metodes) om 'n ruimer vorm van beperkte demokrasie in Suid-

Afrika in te stel wat versoenbaar sal wees met die stadium van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die verskillende bevolkingsgroepe (en die belastingkapasiteit van die moderne sektor), en nie die handhawing van beskaafde standaarde in gevaar sal stel nie.

Vanweë die groot kulturele en sosiaal-ekonomiese verskille wat tussen die geïkte en goed gedefinieerde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika bestaan, sal die politieke stelsel waarskynlik vir 'n betreklike lang tyd op die beginsel van groepsverteenvoording gebaseer moet word. In so 'n vorm van beperkte demokrasie sal die

een of ander maatstaf gevind moet word om die aantal parlementêre verteenwoordigers van elke bevolkingsgroep te bepaal.

Hierdie getal kan of deur onderhandelings vasgelê word of dit kan op een of meer sosiaal-ekonomiese indikatoren gebaseer word om seker te maak dat dit versoenbaar is met die stadium van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling. So bv. sou die persentuele bydrae wat die verskillende bevolkingsgroepe (buite die swart state) tot die totale persoonlike inkomme maak, as maatstaf gebruik kan word om die relatiewe verteenwoordiging in die Volksraad te bepaal.

Terwyl 'n intense debat in Suid-Afrika plaasvind oor 'n moontlike nuwe politieke bedeling, is dit opvallend dat die ekonomiese

implikasies van so 'n nuwe bedeling op 'n onrusbarende wyse verwaarloos word.

Indien 'n oorgang na 'n nuwe politieke bedeling sou plaasvind, sal dit enersyds sekere direkte ekonomiese implikasies hê en andersyds stuit op strukturele knelpunte wat voortspruit uit die mikrokosmos-situasie in Suid-Afrika. Indien ons wil verseker dat hierdie implikasies en die probleme wat uit die strukturele knelpunte kan voortspruit, nie tot ekonomiese opstand en ontwrigting lei nie, sal belangrike veranderinge in die blankes se gesindhede en in hul denk- en waarde-oriëntasie oor ekonomiese aangeleenthede moet plaasvind.

Een van die eerste en direkte implikasies wat 'n nuwe politieke bedeling sal hê, is dat die struktuur van die jaarlikse parlementêre begroting en die prioriteite wat daarin gestalte kry, op 'n betekenisvolle manier sal verander. Sels al verkry die anderskleurige bevolkingsgroepe net beperkte verteenwoordiging in die parlement — en wel omdat gelyke of meerderheidsverteenvoording nie in ons mikrokosmos-situasie deurvoerbaar is nie — sal die anderskleurige verteenwoordigers hul nuut verworwe parlementêre bedingingsmag gebruik om vir groter sosiaal-ekonomiese demokratisering (in die vorm van groter bestedings aan swart onderwys, behuising en sosiale dienste) te pleit en te beding. Dit sal tot gevolg hê dat belastingkale verhoog en/of bestedings aan blanke belange ingekort of afgeplat sal moet word.

Indien groeikoers laer is as sê 4 persent, sal die blankes bereid moet wees dat hul partikuliere en kollektiewe lewenstandaarde afgeskaal word. Indien die blankes nie daartoe bereid is nie, kan dit tot 'n onverkwiklike zerosomspel lei wat op die ou end tot die nadeel van al die be-

volkingsgroepe sal strek.

Gebeure in blanke geledere gaan in die eerskomende jare uiteraard van deurslaggewende belang wees in 'n moontlike strukturele oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Hoewel verskeie blanke instellings en organisasies 'n funksionele rol kan speel in só 'n oorgang, staan dit bo alle twyfel dat die Nasionale Party-regering die deurslaggewende rol sal moet speel.

Die Nasionale Party is enersyds die enigste instansie wat oor die politieke mag beskik om 'n evolusionêre proses van strukturele verandering van stapel te stuur, maar indien hy dit wel sou doen, sal hy moet afsien van sy beginsel van „geen magsdeling”.

Dit is nie moeilik om te voorspel dat die spanning en polarisasie in die Nasionale Party en in Afrikaner-geledere in die afsienbare toekoms tot by breekpunt kan oplaai as gevolg van dringende probleem-situasies wat moontlik deur groter buitelandse en binnelandse druk veroorsaak gaan word nie. Vanweë die feit dat die Nasionale Party nie 'n gewone politieke party is nie, maar wel 'n kulturele beweging wat in die lank uitgerekte „dekoloniale stryd” teen die „English establishment” tot 'n hegte eenheid saamgesnoer is, sal die party nie maklik skeur nie.

Indien so 'n skeuring wel sou plaasvind, sal dit ongetwyfeld 'n uiters traumatiese ervaring vir die Afrikanergemeenskap wees en daarom moet dit liefers vermy word. Maar indien dit die prys is wat die Afrikanergemeenskap moet betaal om die Nasionale Party in staat te stel om die noodsaaklike strukturele aanpassings op politieke en ekonomiese gebied op 'n hoofsaaklik vreedsame en evolusionêre wyse te laat plaasvind, sal so 'n prys — uit 'n langtermyn-historiese oogpunt geoordeel — waarskynlik nie te groot wees om te betaal nie, sê prof. Terreblanche.

Môre: Afrikaans- en Engelssprekendes het reoriëntasie nodig.

BRITSE BEWIND HET 'SWART VERSET GEBREEK'

DIE tuislandbeleid wat dr. Hendrik Verwoerd in 1959 aangekondig het, het nie na wense geslaag nie. Tog was dit 'n uiters belangrike poging om van die „interne etniese neo-kolonialisme” weg te kom deur aan die swart state onafhanklikheid te gee, skryf prof. Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch in sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie*.

Hy sê dat dit, merkwaardig genoeg, nie so seer die Afrikaner-optrede nie, maar veral die Britse optrede in Suid-Afrika was wat die verset en weerstand van die swartes gebreek en hulle aan etniese neo-kolonialisme onderwerp het. Die stelsel van Rassediskriminasie, trek- arbeid en die kampong-stelsel het hul beslag tydens die Britse bewind gekry en is deur die Engelssprekende establishment in wetgewing vasgelê.

Ná die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 is die stelsel van etniese neo-kolonialisme teenoor die swart volke verder geformaliseer en is 'n reeks van diskriminerende wette ook op die Kleurlinge en die Indiërs van toepassing gemaak.

Prof. Terreblanche meen dat die beleid van dr. Verwoerd om selfbeskikking aan swart volke te gee, slegs in baie beperkte sin geslaag het. Ten opsigte van die stedelike swartman, die Kleurlinge en die Indiërs sal 'n ander formule gevind moet word. 'n Nuwe politieke bedeling is nodig.

Die Verwoerd-formule kon nie volledig slaag nie. Die redes is voor-die-hand-liggend, sê prof. Terreblanche. Hy skryf:

Die ekonomiese interafhanklikheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe was reeds te groot toe die beleid 'n aanvang geneem het, die geografiese verspreidheid van die bevolking het intussen 'n te groot „vervloeiing” van die verskillende bevolkingsgroepe se woonareas tot gevolg gehad, en die middelpuntsoekende aantrekkingskrag wat die myne en die industriële stede op swart arbeid uitoefen, is eenvoudig te

sterk om so 'n poging tot „dekolonisasie” volledig te laat slaag.

Die belangrike hoeksteen van die Verwoerd-formule, nl. dat die stedelike swartmense hul politieke regte via die parlements van hul verafgeleë swart state moet uitoefen, het eintlik van meet af nie lewensvatbaarheid gehad nie, veral as 'n mens in verrekening bring dat die lewensingesteldheid en behoeftes van permanent verstedelike mense so ingrypend anders is as dié van die inwoners van die swart state, wat nog hoofsaaklik landelik georiënteer is.

Boonop het die Kleurlinge en Indiërs van meet af nie 'n „tuisland” gehad nie en het die Verwoerd-formule geen oplossing vir hul posisie gebied nie. Noudat die regering die permanensie van die stedelike swartmense erken het en 99 jaar-huurpag aan hulle toegeken het, is daar in die praktyk weinig verskil tussen hul posisie en dié van die Kleurlinge en die Indiërs.

Terwyl die Regering op onoorkombare hindernisse stuit in die pogings om die Verwoerd-formule volledig deur te voer, sal 'n ander formule gevind moet word om ten minste aan die morele beginsel — nl. dat een bevolkingsgroep nie permanent deur 'n ander oorheers mag word nie — konkrete gestalte te gee vir daardie swartmense wat permanent buite die swart state woonagtig is. Dit kan bv. gedoen word deur beperkte parlementêre verteenwoordiging aan die Kleurlinge, Indiërs en die stedelike swartmense te gee.

Indien die een of ander vorm van *effektiewe* politieke regte (in die sentrale parlement of enige ander liggaam) aan daardie deel van die anderskleurige bevolkingsgroepe verleen sou word wat *permanent* buite die selfregerende en onafhanklike swart state woonagtig is, sal dit in stryd wees met die beleidstandpunt van die Re-

gering dat hy nie bereid is om die blankes se mag en selfbeskikkingsreg met ander bevolkingsgroepe te deel nie. Indien ons aanvaar dat die Verwoerd-formule nie 'n oplossing bied vir die anderskleuriges wat permanent buite die swart state woon en permanent hul lewensonderhoud buite die swart state verdien nie, het 'n skaakmat-posisie ontstaan tussen die aanvaarde morele beginsel dat een bevolkingsgroep nie permanent deur 'n ander oorheers mag word nie en die Regering se beleidstandpunt van „nie-magsdeling”.

Indien die Regering sy beleidstandpunt om-

PROF. SAMPIE TERREBLANCHE se siening van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika, waarin hy pleit dat die Nasionale Party die beginsel van magsdeling moet aanvaar, word vervat in vandag se uittreksel uit sy boek *Die Wording van die Westerse Ekonomie*.

Die tweede uittreksel, wat môre verskyn, handel oor sy stelling dat die establishments van die Afrikaners sowel as die Engelssprekendes anachronisties is en dat nuwe denk- en waarde-oriëntasies vir albei nodig is.

Die boek, uitgegee deur Human en Rousseau-Academica, verskyn aanstaande week.

trent „nie-magsdeling” sou prysgee en bv. parlementêre verteenwoordiging aan anderskleuriges wat permanent buite die swart state woonagtig is, toeken, ontstaan die praktiese probleme dat indien hierdie verteenwoordiging te groot is — d.w.s. indien dit 'n te snelle proses van *politieke* demokratisering verteenwoordig — dit tot vorme van *ekonomiese* demokratisering kan lei wat die vermoë van die moderne sektor totaal kan oorspan en die handhawing van beskaafde standaarde ernstig in gevaar kan stel.

Die konstitusionele probleme van Suid-Afrika kan waarskynlik gereduseer word tot die vind van 'n metode (of metodes) om 'n ruimer vorm van *beperkte* demokrasie in Suid-

Afrika in te stel wat versoenbaar sal wees met die stadium van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling van die verskillende bevolkingsgroepe (en die belastingkapasiteit van die moderne sektor), en nie die handhawing van beskaafde standaarde in gevaar sal stel nie.

Vanweë die groot kulturele en sosiaal-ekonomiese verskille wat tussen die geëkte en goed gedefinieerde bevolkingsgroepe in Suid-Afrika bestaan, sal die politieke stelsel waarskynlik vir 'n betreklike lang tyd op die beginsel van *groepeverteenvoording* gebaseer moet word. In so 'n vorm van *beperkte* demokrasie sal die

een of ander maatstaf gevind moet word om die aantal parlementêre verteenwoordigers van elke bevolkingsgroep te bepaal.

Hierdie getal kan of deur onderhandelings vasgelê word of dit kan op een of meer sosiaal-ekonomiese indikatoren gebaseer word om seker te maak dat dit versoenbaar is met die stadium van sosiaal-ekonomiese ontwikkeling. So bv. sou die persentuele bydrae wat die verskillende bevolkingsgroepe (buite die swart state) tot die totale persoonlike inkomme maak, as maatstaf gebruik kan word om die relatiewe verteenwoordiging in die Volksraad te bepaal.

Terwyl 'n intense debat in Suid-Afrika plaasvind oor 'n moontlike nuwe politieke bedeling, is dit opvallend dat die ekonomiese

implikasies van so 'n nuwe bedeling op 'n onrusbarende wyse verwaarloos word.

Indien 'n oorgang na 'n nuwe politieke bedeling sou plaasvind, sal dit enersyds sekere direkte ekonomiese implikasies hê en andersyds stuit op strukturele knelpunte wat voortspuit uit die mikrokosmos-situasie in Suid-Afrika. Indien ons wil verseker dat hierdie implikasies en die probleme wat uit die strukturele knelpunte kan voortspruit, nie tot ekonomiese opstand en ontwigting lei nie, sal belangrike veranderinge in die blankes se gesindhede en in hul denk- en waarde-oriëntasie oor ekonomiese aangeleenthede moet plaasvind.

Een van die eerste en direkte implikasies wat 'n nuwe politieke bedeling sal hê, is dat die struktuur van die jaarlikse parlementêre begroting en die prioriteite wat daarin gestalte kry, op 'n betekenisvolle manier sal verander. Selfs al verkry die anderskleurige bevolkingsgroepe net *beperkte* verteenwoordiging in die parlement — en wel omdat gelyke of meerderheidsverteenvoording nie in ons mikrokosmos-situasie deurvoerbaar is nie — sal die anderskleurige verteenwoordigers hul nuut verworwe parlementêre bedingingsmag gebruik om vir groter sosiaal-ekonomiese demokratisering (in die vorm van groter bestedings aan swart onderwys, behuising en sosiale dienste) te pleit en te beding. Dit sal tot gevolg hê dat belastingkale verhoog en/of bestedings aan blanke belange ingekort of afgeplat sal moet word.

Indien groeikoers laer is as sê 4 persent, sal die blankes bereid moet wees dat hul partikuliere en kollektiewe lewenstandaarde afgeskaal word. Indien die blankes nie daartoe bereid is nie, kan dit tot 'n onverkwiklike zerosomspel lei wat op die ou end tot die nadeel van al die be-

volkingsgroepe sal strek.

Gebeure in blanke geledere gaan in die eerskomende jare uiteraard van deurslaggewende belang wees in 'n moontlike strukturele oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Hoewel verskeie blanke instellings en organisasies 'n funksionele rol kan speel in só 'n oorgang, staan dit bo alle twyfel dat die Nasionale Party-regering die deurslaggewende rol sal moet speel.

Die Nasionale Party is enersyds die enigste instansie wat oor die politieke mag beskik om 'n evolusionêre proses van strukturele verandering van stapel te stuur, maar indien hy dit wel sou doen, sal hy moet afsien van sy beginsel van „geen magsdeling”.

Dit is nie moeilik om te voorspel dat die spanning en polarisasie in die Nasionale Party en in Afrikaner-geledere in die afsienbare toekoms tot by breekpunt kan opdraai as gevolg van dringende problemsituasies wat moontlik deur groter buitelandse en binnelandse druk veroorsaak gaan word nie. Vanweë die feit dat die Nasionale Party nie 'n gewone politieke party is nie, maar wel 'n kulturele beweging wat in die lank uitgerekte „dekoloniale stryd” teen die „English establishment” tot 'n hegte eenheid saamgesnoer is, sal die party nie maklik skeur nie.

Indien so 'n skeuring wel sou plaasvind, sal dit ongetwyfeld 'n uiters traumatiese ervaring vir die Afrikanergemeenskap wees en daarom moet dit liefers vermy word. Maar indien dit die prys is wat die Afrikanergemeenskap moet betaal om die Nasionale Party in staat te stel om die noodsaaklike strukturele aanpassings op politieke en ekonomiese gebied op 'n hoofsaaklik vreedsame en evolusionêre wyse te laat plaasvind, sal so 'n prys — uit 'n langtermyn-historiese oogpunt geoordeel — waarskynlik nie te groot wees om te betaal nie, sê prof. Terreblanche.

Môre: Afrikaans- en Engelssprekendes het reoriëntasie nodig.